

**13 Maart**

Skrifgedeelte: 1 Konings 11:1-13  
Fokusgedeelte: 1 Konings 11:6, 11

## God bly altyd getrou aan Homself

Net God en sy Woord is onfeilbaar vas en bly altyd dieselfde. Hy verander nie. Sy Woord verander nie. Wat Hy sê en onderneem, voer Hy deur.

Só het God destyds sy oordeel oor Salomo bekend gemaak (1 Kon 11:11-13; 30-32). Hy was ontrou en ongehoorsaam aan die Here. Getrou aan Homself, sou God selfs nie die sonde van die koning van sy volk Israel deur die vingers sien nie. Alhoewel nie in Salomo se leeftyd nie, maar in die leeftyd van sy seun Rehabeam, sou die koninkryk van Israel in twee skeur. God sou Salomo se ongehoorsaamheid en afvalligheid streng en swaar straf. En tog ... ter wille van Dawid sou Salomo se seun, Rehabeam, nie die ganse koninkryk verloor nie.

Ja ... wie van ons kan nie erken dat God se genade en liefde altyd die botoon voer nie? Hy straf die sonde, want ... Hy kan en mag nie anders nie. Hy het immers gesê dat Hy hulle wat sondig en van Hom afdwaal en ongehoorsaam aan Hom is, sal straf. En wat Hy gesê het, doen Hy. Anders is Hy ontrou aan Homself. En aan Homself kan en mag en sal God nooit ontrou wees nie. Hy is immers God.

Maar ... sy genade. Ag ... hoe groot is God se genade nie! Nooit straf Hy genadeloos nie. Telkens in die geskiedenis het die volk Israel van die Here afgedwaal. En elke keer het Hy weer genade bewys. Elke keer wou Satan die volk voor God oopvlek in hulle swarte doodsbestaan en in hulle skreiende sondige optrede. Maar ... telkens het die Here Self weer vir hulle kom instaan. Hy het gestraf, maar ... Hy het ook weer genade bewys ... en Hy sal ook weer genade bewys. En dit ... ter wille van die saad van Dawid.

Ja ... ter wille van die Seun van Dawid, Jesus Christus, wat jou sondeskuld voor God kom wegneem het, sal Hy ook weer aan jou, wat vol berou oor jou sondes tot Hom nader, genade bewys.

Sing: Psalm 33:11 (Totius)

Dr JH Howell (Heidelberg)